AgriCulture
SOUTH AFRICA / SUID-AFRIKA

Mediaverklaring

24 Maart 2026

## AgriSA versoek verenigde BKS reaksie na hofuitslag

AgriSA neem kennis van die uitslag van die Gautengse Hooggeregshof-saak oor Bek-en-Klouseer (BKS) en beklemtoon dat die uitspraak gerespekteer moet word.

Dit is egter betreurenswaardig dat die saak hofingryping vereis het tydens 'n dieregesondheidskrisis, wat die fokus van gekoördineerde siektebeheerpogings afgelei het.

BKS bly 'n nasionale prioriteit met beduidende implikasies vir die veebedryf, voedselsekerheid en uitvoere. AgriSA doen 'n beroep op dringende eenheid en koördinering tussen alle belanghebbendes, tesame met versnelde implementering van inentings-, naspeurbaarheids- en siektebeheer maatreëls.

AgriSA bly daartoe verbind om met vennote saam te werk om die verspreiding van BKS te bekamp en Suid-Afrika se dieregesondheidstatus te herstel.

**Navrae**

Willem de Chavonnes Vrugt, AgriSA President
+27 (0) 82 946 2303

Johann Kotzé, AgriSA Hoof- uitvoerende beampte
+27 (0) 79 523 5767
info@agrisa.org.za